**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**WAARDE GEDREWE / VALUE DRIVEN**

**2019**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 FEBRUARIE 2019 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. M Wüst | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. J Carstens | : | Persoonlike Assistent: Munisipale Bestuurder |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordsbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |
| Me. V Julies | : | Klerk: Komitees |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **RVN001/02/2019**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>** | |
| Raadslid Lesch open die vergadering met 'n dagteks en gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.<br><br>'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die aangewese Raadslid Mnr Immaneul Stefney Adams, die publiek wat die verrigtinge bywoon en ook die afvaardiging van SALGA. | |
| *** | |
| **RVN002/02/2019**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4** | |
| Geen | |
| *** | |
| **RVN003/02/2019**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6** | |
| Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie. | |
| *** | |
| **RVN004/02/2019**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 22 JANUARIE 2019</u>**<br>**3/3/2/2** | |
| Dat die notule van die vorige vergadering gehou op Dinsdag 22 Januarie 2019 bekragtig word. | ***KLERK: KOMITEES (V JULIES)*** |
| *** | |
| **RVN005/02/2019**<br>**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 22 JANUARIE 2018</u>**<br>**3/3/2/2**<br>***(Die gewysigde verslag word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)*** | |
| Die Munisipale Bestuurder hou die implementeringsverslag voor aan die Raad, ter inligting.<br><br>**KENNIS GENEEM** | |
| *** | |
| **RVN006/02/2019**<br>**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES</u>**<br>**3/3/2/2** | |
| Geen | |
| *** | |

**RVN007/02/2019**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste se pa oorlede is;
- Dat Mnr. Chris Snyders (Oud-Raadslid) oorlede is;

Die Speaker reël dat 'n minuut van stilte gehandhaaf word om eer te betoon aan die oorledenes.

Hy spreek sy medelye uit met die families gedurende die moeilike tyd en wens hulle sterkte toe.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

- Dat 'n student van België (Heist-op-den-Berg), Lincy Ost skaduwerk "shadowing" doen in die Kantoor van die Munisipale Bestuurder en meld dat sy "Cross Cultural Relations Management" studeer.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededeling:

- Dat die Speaker verjaar het op Maandag 25 Februarie 2019 en wens hom geluk en sterkte toe vir die nuwe lewensjaar.

***

**RVN008/02/2019**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: KAROO SMALL TOWN REGENERATION INITIATIVE**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Die Munisipale Bestuurder stel die besoekers van SALGA voor naamlik: Me. Zimaza Vazi en Mnr. Khalil Mullagie (Provinsiale Uitvoerende Beampte) aan die Raad.

Me. Vazi gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die "Karoo Small Town Regeneration Initiative", waarna sy die Komitee puntsgewys deur die voorlegging neem.

Die onderstaande kwessies word uitgelig, te wete:

- Dat die projek se fokusareas kleiner dorpe is;
- Dat sleutel onderhandelinge nog plaasvind;
- Dat `n "Regional Spatial Development Framework" gestig/geïdentifiseer is;
- Dat 45 munisipaliteite betrokke is;
- Dat Bergrivier Munisipaliteit deur middel van 'n raadsbesluit moet bevestig om deel te wees van die "Karoo Small Town Regeneration Initiative";
- Dat staatsdepartemente betrek is wat spesifieke projekte sal koördineer;
- Dat verdere gesprekke met Karoo Toerisme gevoer sal word; en
- Dat dit die bevordering van stabiliteit en die benutting van hulpbronne insluit.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die Konferensie verslag en aanbieding van SALGA;
2. Dat die proses verwys word na die onderskeie Staande Komitees vir bespreking, waarna dit voorgelê sal word aan die Uitvoerende

Burgemeesterskomitee vir oorweging/besluitneming;

3. Dat SALGA addisionele inligting verskaf met opgedateerde kaarte wat wys watter deel van Bergrivier Munisipaliteit ingesluit word; en

4. Dat die Raad ingelig word van die Uitvoerende Burgemeester se besluit, soos genoem by punt 2.

Raadsdame Crafford bedank die afvaardiging vir die voorlegging.

***

**RVN009/02/2019**
**<u>EERSTE DRINGENDE MOSIE: FRANKLAAN EN SMME`S BY PORTERVILLEDAM</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Raadsdame Smit stel die mosie en noem die volgende:

- Dat die probleme by Franklaan en SMME's te Porterville onopgelos is.
- Dat die situasie by Porterville-dam ondraaglik is omrede kampeerders buite die dam kampeer.
- Sy stel voor dat SMME's gebruik word om die dam te bestuur en te beheer;
- Dat ekstra polisiëring toegepas word; en
- Die damgebied gebruik word vir dagkampering.

Raadslid Lesch sekondeer die mosie.

Die volle Raad besluit om die mosie te bespreek, waarna verskeie insette/kommentaar gelewer word.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat beide items Franklaan en die SMME's verwys word na die volgende Gemeenskapsdienstekomiteevergadering wat op Dinsdag 05 Maart 2019 plaasvind;
2. Dat alle Raadslede genooi word na die Gemeenskapsdienste komiteevergadering; en
3. Dat aanbevelings oor die gebruik van Portervilledam en Franklaan dien by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir besluitneming.

***DIREKTEUR: GEMEENSKAPS-DIENSTE (05/03/19)***

***

**RVN010/02/2019**
**<u>DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: AFLEGGING VAN EED OF PLEGTIGE VERKLARING DEUR NUUTVERKOSE RAADSLID</u>**
**15/1/5/9**

Die Speaker bied die geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om die inhuldigingsproses waar te neem.

Die Uitvoerende Burgemeester beklee die Raadslid met die toga, waarna hy die eed aflê en onderteken.

Die Munisipale Bestuurder verwelkom Raadslid Immaneul Stefney Adams tot die Raad van Bergrivier Munisipaliteit, waarna die Speaker hom voorspoed en sterkte toewens.

Ten slotte bied die Speaker die aangewese Raadslid die geleentheid om 'n kort toespraak te lewer, waarna hy sy sitplek inneem.

***(Verdaging word toegestaan vanaf 14:45 – 14:50, terwyl 'n fotosessie plaasvind. Die Hoof: Kommunikasie en die PA: Munisipale Bestuurder, verlaat om 14:50 die vergadering)***

***

**RVN011/02/2019**

**<u>AD HOC AMENDMENT OF BERGRIVIER MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) 2012-2017: INCLUSION OF PORTION 1 OF FARM 54, VLAMINKE VLEI</u>**

**15/1/5/9**

***(An amended recommendation was tabled at the meeting as previously distributed electronically - Annexure A)***

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels, gave a brief summary of the item under discussion and read the amended recommendation to the Council for consideration.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

***MANAGER PLANNING & ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

1. That Council **<u>not adopt the proposed amendment</u>** for the inclusion of Portion 1 of Farm 54, Vlaminke Vlei into the urban edge as delineated for Velddrif/Laaiplek, recommended by CK Rumboll and Partners in their report, but that the new five year Bergrivier MSDF 2019-2024 rather make provision for development or urban extensions south of the Bergrivier Estuary where and when sound evidence indicate that specific land parcels are suitable for sustainable development in terms of biophysical, socio-economic and built environment parameters - such evidence must be drawn from potential future detailed environmental studies and/or applications that may be brought in terms of NEMA or any other applicable legislation with regard to this area that have been formally approved by all relevant competent authority/ies; and

2. That notice of Council's decision to adopt the final draft, with amendments, be given in the media and the Provincial Gazette within 14 days of this resolution.

***

**RVN012/02/2019**

**<u>MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) *NEW 5 YEAR* MSDF 2019-2024: FINAL DRAFT</u>**

**15/1/5/9**

***(An amended recommendation was tabled at the meeting as previously distributed electronically - Annexure B)***

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels, gave a brief summary of the item under discussion and read the amended recommendation to the Council for consideration.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

***MANAGER PLANNING & ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

1. That Council **<u>adopt</u>** the final draft of the new five year Bergrivier MSDF 2019-2024, as required in terms of Section 6.(9) of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning, as amended on 6 April 2018, subject to amendment of Paragraph 5.2.3.

Sub-paragraph 5. from:

*"Avoid development or urban extensions south of the Bergrivier Estuary where extreme environmental constraints and a number of threatened plant and animal species are present."*

to read:

*"Avoid development or urban extensions south of the Bergrivier Estuary where extreme environmental constraints and a number of threatened plant and animal species are present, unless and until sound evidence indicating that specific land parcels are sustainably developable in terms of biophysical, socio-economic and built environment parameters is made available. Such evidence must be drawn from potential future detailed environmental studies and/or applications that may be brought in terms of NEMA or any other applicable legislation with regard to this area that have been formally approved by all relevant competent authority/ies*".; and

2. That notice of Council's decision to adopt the new five year Bergrivier MSDF 2019-2024 be given in the media and the Provincial Gazette within 14 days of this resolution.

***

**RVN013/02/2019**
**<u>KANSELLASIE VAN KOOPOOREENKOMS, TERUG TRANSPORTEER VAN ERF 4186, PIKETBERG EN RUIL TRANSAKSIE VIR ALTERNATIEWE GROND</u>**
**P. 4186; 15/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, gee 'n kort opsomming tot die item onder bespreking en lees die gewysigde aanbeveling voor aan die Raad vir oorweging.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat daar tans nie alternatiewe geskikte gesoneerde grond vir kerkdoeleindes is nie;
2. Dat alternatiewe aanbiddingserwe in Piketberg geïdentifiseer word en met die Mount Olive Community Church (MOCC) onderhandel word, binne die wetgewing van die Voorsieningskanaalbeleid; en
3. Dat na afhandeling van punt 2, en indien nodig die koopooreenkoms van Erf 4186, Piketberg gekanselleer word asook toestemming verleen word dat Erf 4186, Piketberg terug transporter word aan Bergrivier Munisipaliteit onderhewig aan die volgende voorwaarde:
   - 3.1 Mount Olive Community Church verantwoordelik sal wees vir die oordragkoste.
   - 3.2 Dat die koopsom waarteen die eiendom verkoop is aan Mount Olive Community Church terugbetaal word.

***BESTUURDER: BEPLANNING & OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**RVN014/02/2019**
**THE REQUEST TO LIST THE RESPECTIVE PUBLIC LAUNCH SITE**
**17/12/8**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels, gave a brief summary to the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council support the request for the Port Owen Marina launch site to be listed and registered as a public launch site in Port Owen to ensure compliance with National Environmental Legislation by Bergrivier Municipality and to support the request letter for approval from the National Minister to charge a launching fee for this site, once listed.

***MANAGER PLANNING & ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN015/02/2019**
**GOEDKEURING VAN AANSUIWERINGSBEGROTING 2018/19**
**5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Alderlady Crafford, gave a brief summary to the item under discussion and reads the recommendation to the Council for consideration.

The Municipal Manager thanked the Director Financial Services, his team and the Chairperson of the Budget Steering Committee for all the excellent work they had done to compile the final report.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

a. That the first annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2018/2019, be approved:
   i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification);
   ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);
   iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source);
   iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;
   v. Table B6: Budgeted Financial Position;
   vi. Table B7: Budgeted Cash Flow;
   vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;
   viii. Table B9: Asset Management;
   ix. Table B10: Basic service delivery measurement;
   x. Supporting Tables SB1 – SB 20;

b. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law;

c. That the position of SCM Principal Clerk in the Financial Services Directorate be funded and the position of SCM Administrator be unfunded; and

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

4. That the position of Administrative Clerk Piketberg in the Technical Service Directorate be funded and the position of Grader Operator Piketberg be unfunded.

***

**RVN016/02/2019**

**AMENDMENT OF THE 2018/19 SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) IN TERMS OF SECTION 54 (1) (C) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT (ACT 56 OF 2003)**

**9/1/2**

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion whereafter she points out the process to the Council.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That the amended 2018/19 SDBIP attached as **Annexure A** and **Annexure B** be approved in terms of Section 54(1)(c)of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) (MFMA).

***MANAGER STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN017/02/2019**

**MONTHLY BUDGET STATEMENT: DECEMBER 2018**

**5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Councilor Crafford, gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for December 2018.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN018/02/2019**

**MINUTES OF THE MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC) MEETING: TUESDAY 09 OCTOBER 2018**

**12/2/3/68**

The Municipal Manager mentioned that the minutes of the Municipal Public Accounts Committee (MPAC) have not been confirmed for consideration by the Council.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That the minutes of the Municipal Public Accounts Committee (MPAC), Tuesday 09 October 2018, be noted by Council.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN019/02/2019**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 13 DESEMBER 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 13 Desember 2018, soos voorgelê.

***

**RVN020/02/2019**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING: WOENSDAG 19 DESEMBER 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se spesiale vergadering wat gehou is op Woensdag 19 Desember 2018, soos voorgelê.

***

**RVN021/02/2019**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 22 JANUARIE 2019**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 22 Januarie 2019, soos voorgelê.

***

**RVN022/02/2019**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Speaker beklemtoon dat daar `n paar punte is wat uitgelig moet word rakende funksionering van die wykskomitees naamlik:

- Dat die nodige prosesse in werking gestel moet word om die vakatures op wykskomitees dringend te vul;
- Dat die goedgekeurde beleid toegepas word, naamlik: "dat indien die wykskomiteelede afwesig is vir drie (3) agtereenvolgende vergaderings hulle vervang moet word", volgens die voorgeskrewe wetgewing;
- Dat weggedoen word met sektorale verteenwoordiging op wykskomitees en meer gefokus word op geografiese verteenwoordiging; en

- Dat die terugvoering oor die afhandeling van klagtes korrek bestuur word.

***

**RVN023/02/2019**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN024/02/2019**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:35***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |